# SURICATA

**AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN HOËRSKOOL MONTANA**

Tel: (023) 347-0476
Faks: 086 464 6983
E-pos: hoof@monties.co.za
Webtuiste: www.monties.co.za
Facebook: Montie Montana

**NUUSBRIEF 2 VAN 2019**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Verlede Vrydag was een van díé dae waarna baie van die leerders uitgesien het – die kleure-atletiekbyeenkoms. Wat 'n voorreg was dit nie om weer deel van hierdie spesiale dag op die kalender te kon wees nie. Die "vriende" van Hoërskool Montana, soos wat ek ons ouers en ondersteuners wil noem, het hulle weer oortref. Die betrokkenheid as beamptes, lede van die OOV en toeskouers was weer eens puik. Baie baie dankie vir al u harde werk en tyd wat u aan die skool afstaan. Wees verseker dit gaan nie ongesiens verby nie.

Woensdag was dit weer die swemgala en ja ..... weer 'n klomp ouers wat die snoepie beman hul kinders kom ondersteun. Ek wil egter die personeel se betrokkenheid weer beklemtoon. Buiten die ure wat hulle spandeer aan voorbereiding, afrigting en departementele vergaderings, is hulle ook voluit betrokke by hierdie byeenkomste.

Graag wil ek ook die terreindienspersoneel en afrigters hierby insluit asook al die lede van die beheerliggaam. Baie dankie vir die soms ondankbare werk wat u verrig. Ons waardeer dit opreg. Ons het onlangs 'n skrywe van die Burgermeester ontvang waarin sy die skool gelukwens en bedank vir die netheid en versorging van die skoolterrein. Sy noem onder andere dat dit bydra tot 'n positiewe beeld van Worcester.
Al ons ouers, donateurs en ondersteuners het my onwillekeurig laat dink aan wat vriendskap werklik is en ek deel graag *Nina Smit* se mening oor vriende:

*Sonder vriende is enige mens oneindig armer, maar om 'n ware vriend te wees vra tyd en opoffering van jou. Om werklik 'n vriend vir jou vriende te wees vra dat jy vir jou vriende tyd sal maak. Dat jy gewillig sal wees om in jou vriendskap voluit van jouself te gee, dat jy jou hart vir jou vriende sal oopstel. Dit veronderstel dat jy dalk een of ander tyd baie seer sal kry, want hoe meer jy jou aan ander mense blootstel, hoe kwesbaarder is jy. Maar die opofferings wat 'n mens ter wille van vriendskap maak, is altyd die moeite werd omdat die beloning soveel meer is as die insette. Ware vriende is te alle tye vir mekaar beskikbaar; hulle is ook bereid om hulle vriende tereg te wys wanneer dit nodig mag word – en dit is baie moeilik! Vriendskap beteken verder dat jy gewillig sal wees om na vriende te luister. Dat jy nooit vriende sal maak vir die voordeel wat jy uit die vriendskap sal kan kry nie.*

*Om vriende te kan hê moet jy weet wat dit beteken om 'n vriend te wées: jy moet ander mense aanvaar soos hulle is, sonder om hulle te wil oormaak soos jy hulle wil hê.*

**AKADEMIE IS HOËRSKOOL MONTANA SE KERNBESIGHEID**
Soos u kind heel moontlik reeds aan u genoem het, is daar afgeskop met die opgradering van die klaslokale. Die oogmerk met hierdie projek is om te verseker dat u kosbaarste juweel, die skool aan die einde van gr. 12 verlaat as die waardevolste juweel van die samelewing. Om dit te bereik wil ons die nuutste en mees effektiewe tegnologie in die klaslokale aanbring. Dit is vir ons belangrik dat al die leerders voordeel daaruit kry en, dat onderrig in die klas tred moet hou met die nuutste tendense in die wêreld.

Hierdie projek het egter 'n redelike finansiële implikasie. Om genoemde rede versoek ons dat u asseblief u persoonlike bydrae van R150 per maand sal eerbiedig, maar ook dat u ons asseblief moet inlig van persone of instansies wat u dink bereid sal wees om tot die projek by te dra. Bespreek dit asseblief met oudleerders wat reeds gevestigde beroepe beklee.

## KRIEKET

**DOGTERS**
Op 28/01/2019 speel die dogters-krieketspan teen Montagu. Montana behaal 41/4 en Montagu wen uitendelik met 42/9.

**o.19 SEUNS T20 vs GIMNASIUM**
Seuns verloor ongelukkig

**O.15 SEUNS VS MONTAGU**
Montana wen met 5 paaltjies.
Liam Tucker het 25 lopies en O'Niel Feast het 20 lopies, nie uit nie.

## KLEURE-ATLETIEK

**DOGTERS**
Beste Senior Veldatleet: Anjé Viljoen
Beste Junior Baanatleet: Lizelle Opperman
Beste Junior Veldatleet: Lisa Nieuwoudt
Beste Enkele Prestasie: Anjé Viljoen (gewigstoot)
Meeste punte vir 'n span: Lizelle Opperman
Junior Victrix Ludorum: Lizelle Opperman
Senior Victrix Ludorum: Anjé Viljoen
**Geesbeker: Blouspan**

**SEUNS**
Beste Senior Baanatleet: Keagon Soldaat
Beste Enkele Prestasie: Keagon Soldaat (100m)
Meeste punte vir 'n span: O'Neill Feast
Junior Victor Ludorum: Chriswyn Snyman
Senior Victor Ludorum: Laudo Witbooi

**Spanbeker: Blouspan**

## SWEMGALA

Junior Victrix Ludorum: Jenae Venter
Senior Victrix Ludorum: Anjé Viljoen

Junior Victor Ludorum: Luke van der Merwe
Senior Victor Ludorum: Pierre le Roux & Juandré Millen

## VALENTYNSPIEKNIEK

Die jaarlikse valentynspiekniek vind op 14 Februarie 2019 aan die einde van die skooldag plaas. Pak jou kombers en 'n lekker piekniekmandjie in!

## VALENTYNSBAL

Die OOV-Valentynsbal vind op Vrydag 15 Februarie plaas. Kaartjies teen R90pp is van Maandag 4 Februarie by Montiemond beskikbaar.

**DAGBOEK: 4 FEBRUARIE – 17 FEBRUARIE**

4 Feb: **Dag 6**
**VRL**: Gr 8-Nominasies
**OOV**: Burgerverkope

5 Feb: **Dag 1**
**Krieket:** Dogters vs HUB (tuis)

6 Feb: **Dag 2**
**Toets 4**

7 Feb: **Dag 3**
**Krieket:** O.15 vs HUB (tuis)

8 Feb: **Dag 4**
**Toets 5**
**Tennis:** 1ste vs Drostdy (weg)
2de vs De la Bat (tuis)
**VRL:** Gr.8-toesprake en verkiesing
**Atletiek:** Noord-Boland

9 Feb: **Krieket:** O.15 & O.19 Interskole vs Stellenbosch (weg)
**Atletiek:** Noord-Boland

11 Feb: **Dag 5**
**SBL komiteeverg:** Sport & Kultuur
**Gholf**: Theewaterskloof

12 Feb: **Dag 6**
**SBL:** Infrastruktuur
**Krieket:** Dogters vs DVG (weg)

13 Feb: **Dag 1**
**Toets 7**

14 Feb: **Dag 2**
**VRL: Valentynspiekniek**
**VRL: "Hoot for Love"**
**Krieket:** O.15 vs DVG (tuis)

15 Feb**: Dag 3**
**Tennis:** 1ste vs Bonnievale (tuis)
2de vs Drostdy (weg)
**OOV:** Valentynsbal

16 Feb: **Krieket**: O.19 vs Robertson (tuis)
**Toutrek**: Worcester Gim
**Fietsry**: WC XCO #

## GEDAGTE VIR DIE WEEK:

"Die verskil tussen 'n suksesvolle persoon en ander, lê nie in die gebrek aan kennis, krag of vaardighede nie, maar eerder aan die gebrek om te **probeer**."
Vince Lombardi

Geniet die naweek.

**D J Diedericks**
SKOOLHOOF

VILJOEN JUWELIERS

*Vervaardigers van Juwele en Ewigheidsoomblikke*



**Jan De Winnaar**

B. Optom (RAU) F.O.A. (SA) C.A.S. (USA)
Dip. SBM (DMS) COVD (Cert)

**Oogkundige · Optometrist**

H/v Fairbairn & 44 Russellstr.
Worcester
6850

Tel.: 023 347 1035
Faks/Fax: 023 342 7660
E-mail: jandw@telkomsa.net
www.jdwoptometrist.co.za

19 EEUFEES STREET, WOLSELEY

TEL: 023-231 00081

FAX: 023-231 1520